# DIE BROOD-DRAERS (3)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Matthéüs 14:16**

**Matt 14:16 Maar Jesus sê vir hulle: Hulle hoef nie weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets om te eet.**

(Bykomende Skrif verwysings aan die einde van die lesing)

-o0o-

## 1. Brooddraers se Verhouding met Brood van die Lewe

Wie is hierdie brood draers? Onthou nou mooi wat ek in die begin gesê het. Die brooddraer seuntjie het sy brood na Jesus gebring. Ons moet weer word soos 'n kind en die gedaante van 'n kind aanneem.

- Ons moet die **getuienis van redding** dra. Ek moet die vissie in my hand dra.
  - Die mense moet die vrug dat ek waarlik 'n kind van God is kan sien in my lewe, sonder dat ek dit hoef te sê. My lewe moet die getuienis dra daarvan.
- Die tweede vissie waarvan hy praat is **heiligmaking**. Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie. Dit is die gedeelte wat ons behandel het uit Romeine 12:9 - 31.
  - Die nastreef na heiligmaking en reinheid.
  - Diensknegskap.
  - Die gees van nederigheid, onderdanigheid en om 'n getuienis te hê vir die lewe.

Ons sien twee effekte wat uit hierdie hele saak kom. In die eerste plek is dit die mense wat gevoed word en in die tweede die getuienis

Jesus plaas die brood in die hande van die twaalf dissipels en Hy sê dat hulle die skare moet gaan voed. Twaalf is die teken van die owerheid / regering (government). Die oomblik toe hulle die brood uitdeel, het die wonderwerke begin plaasvind.

- Die brood word gegee om uit te deel. Ons ontvang brood en ons maak dit ons lewe. Ons getuig daarvan dat ons werklik draers is van die Brood. Dit bou en bring ons op 'n plek waar die Here vir ons kan sê dat ons die brood, wat Hy vir ons gee, vir die skare moet gaan gee.
- Die twee vissies moet die getuienis wees wat ons uit leef (uitdra).

Dit is waarom Hy sê dat die dienskneg wat vir die volk hulle rantsoene op sy tyd gee, sodat hulle nie beswyk langs die pad nie, geseënd is. (Luk 12:42). As jy nie brood by die Here gaan ontvang nie, sal jy nooit 'n brooddraer word nie. Dit gaan nie oor dagstukkies of oor wat iemand vir my gegee het nie.

Dit gaan oor dit wat ek ontvang het van die Meester, want Hy alleen voorsien die Brood. Lees die gedeelte in Johannes waar Jesus sê dat Hy die brood van die lewe is en dat Hy die manna gee. Soos die Vader die manna in die woestyn gegee het, so gee Jesus dit vir my. (Joh 6:31). Hy is die brood wat uit die hemel neergedaal het. (Joh 6:33). Hy gee Homself en ek moet van Hom gaan getuig. Ek moet in 'n verhouding met Hom staan.

**Joh 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.**

-o0o-

- Die **eerste** effek van hierdie hele daad wat Jesus daar gedoen het is dat die mense wat die brood geëet het, gebou is. Hulle gees is gevoed. Die gees kan net gevoed word met die Brood van die Lewe. Dit is waarom Jesus dan ook sê *julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.*
- Die **tweede** effek is redding en heiligmaking**.** Dit is die 2 vissies wat getuienis is.

Onthou nou, Hy het die brood vir die dissipels gegee sodat hulle die skare kon voed.

## 2. Onvoorbereide Harte

In Markus 6 lees ons 'n baie interessante gedeelte. Jesus het gesien dat die dissipels met hulle skuit uitgevaar het. Intussen het Hy op die berg gaan bid en in die vierde nagwaak het Hy op die see agter hulle aangestap. Hulle roep Hom en dan klim Hy saam met hulle in die skuit. Kyk baie mooi wat sê die Woord van God.

**Markus 6: 51 En Hy het by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê; en hulle was by hulleself uitermate verbaas en verwonderd**

Hoekom was hulle so uitermatig verbaas en verwonderd? Hier is die antwoord:

**Markus 6: 52 Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.**

Kan jy nou mooi verstaan? Die Here kan net werk met mense, manne en vroue, wie se harte voorberei word deur die Heilige Gees om Sy saad te saai. Hy kan met niemand anders werk nie.

- Hier is die dissipels. Die Bybel sê baie duidelik dat die dissipels verbaas en verwonderd was oor dit wat nou gebeur het.
- *Hulle het nog nooit die openbaring gekry van wie Hy werklik was nie*. Hulle het maar net gedoen wat Hy vir hulle gesê het en dan die brood net uitgedeel. Dit was slegs net 'n kwessie van 'n taak om maar uit te gee (deel).
  - Hulle het nog nie geword soos die seuntjie nie.
    - Die seuntjie was werklik die getuienis om soos 'n kind te word.
    - Die seuntjie het die getuienis gedra van redding en heiligmaking.

Was dit nie vir daardie seuntjie daardie dag nie, is die skare nie gevoed nie. Die Here het een klein seuntjie gekies om die draer te wees van 2 vissies en 5 broodjies. Hy het dit gevat, aan die dissipels gegee en die skare gevoed. Dit het 'n effek op 12 000 mense gehad. Die draer, die een seuntjie, se kossies het Jesus Christus, die Seun van God, so vermeerder dat dit voedsel geword het vir twaalf duisend mense met die brood van die lewe.

Die hartseerste van alles is dat die brooddraers, die wat die brood moes gaan uit deel het, die dissipels, was soos die Bybel duidelik sê, *by hulleself uitermate verbaas en verwonderd* toe die wind gaan lê het.

Wat was die rede hiervoor? *Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.*

Hoe lyk ons harte voor die Here? Is ons harte so hard soos die dissipels se harte was? "Ek wil nie dit nie en ek wil nie dat nie. Ek wil my eie pad volg, my eie rigting volg" Is ons harte verhard, of kan ons soos die seuntjie word, wat waarlik die brood draer was?

- In hierdie hele verhaal was die dissipels nie die brooddraer nie. Die seuntjie was werklik die ware brooddraer.

Die behoefte was daar. Jesus het daar gestaan met al hierdie mense en Sy dissipels, maar nie een dissipel het brood gebring nie. Op 'n stadium lees ons dat toe Jesus hulle gewaarsku het teen die Fariseërs en Sadduseërs se suurdeeg, hulle gesê het dat dit maar seker is omdat hulle nie brood saamgebring het nie. (Matt 16:6-7)

-o0o-

Die dissipels het maar net saamgeloop, omdat hulle nog nie op die regte pad was nie. Geen wonder dat Jesus later vir Petrus sê "Petrus as jy jou bekeer". (Luk 22:31-32) Hulle het nog maar net saamgegaan en opdragte uitgevoer. Die getuienis van Christus Jesus was nog nie in hulle lewe sigbaar nie.

As hulle werklik getuienisse was, sou hulle brood gebring het. Hulle sou vir Jesus gesê het dat hulle brood saamgebring het, maar nie genoeg het nie. Hulle het niks gehad nie, want hulle was nie voorbereid nie, omdat hulle maar net saam gestap het. Dit gebeur met baie kinders van God se lewe. Hulle loop maar net saam. Dit is die vyf dwase maagde. Hulle is wel maagde, hulle is wel rein en skoon, maar daar is een groot ding wat hulle kort. (Matt 25)

- Hulle kort die olie, die salwing. Dit is die krag van God se Gees. Hy kan Homself op geen ander manier openbaar as deur die krag van Sy Gees nie.

Dit is waarom Hy Homself alreeds aan Moses geopenbaar het by die braambos. (Eks 3) Moses het daar alreeds die openbaring gekry van wie God werklik is. Dit is waarom hy kon doen wat hy gedoen het en agterna wees het wat hy was. Onthou, tot op daardie stadium was hy 'n vlugteling wat weghardloop. Die Bybel sê vir ons baie duidelik dat Moses nie eers die koning gevrees het nie.

## 3. Kwaliteite van Brooddraers

Nou kom ons by die punt van wie die werklike brooddraers is.

- Dit is hulle wat die gedaante van 'n kind aanneem.
- Dit is hulle wat die getuienis in hulle lewe dra dat hulle gered is.
    - Hulle het nie geproklameer met hulle monde nie. Hulle het nie op die straat gelawaai en soos die Fariseër dankie gesê omdat hy nie soos daardie mense was nie. (Luk 18:10)
- Hulle dra die getuienis van diensknegskap. Mense kan sien dat hulle liefde en vergifnis in hulle harte dra. (2 Tim 2:24)

Die Bybel sê vir ons dat as jy nie soos 'n kind word nie, jy nooit die Koninkryk van God sal sien nie. Dieselfde dissipels het ook op 'n stadium gekeer dat die kindertjies na Jesus toe kom. (Mark 10:13) Jesus het gesê dat hulle nie die kindertjies moet verhinder nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van God. Hy het nie net daar gepraat van kinders nie. Hy het gesimboliseer dat as jy nie soos 'n kind word nie, nie die gedaante en gestalte van 'n kind aanneem nie, sal jy dit nie maak nie. Jy sien mos dat die ware brood draers die gedaante van 'n kind aanneem.

- Die nederigheid en die ten volle gehoorsaamheid aan die Gees van God.

Jesus sê daarom dat hulle Hom Here, Here noem en dat Hy dit is, maar hulle doen nie wat Hy sê nie. (Luk 6:46). Julle sien en julle lawaai met julle monde, maar julle dade sê niks. Dit is baie keer so in kinders van God se lewe. Dit is so bitter hartseer.

## 4. Rut

Ons gaan 'n bietjie terug na Rut toe. Rut is op die lande van Boas. Rut is 'n tipe van die Bruid. Sy is 'n tipe van die liggaam. Sy moet die koringkorrels optel. Boas gee dan vir die maaiers die opdrag dat Rut die reg moet hê om are tussen die maaiers op te tel. Hy gaan dan 'n bietjie verder en sê dat die maaiers van die are uit die gerwe moet trek. (Rut 2:16)

- Hierdie gerwe op Boas se lande is die mense wat kinders van God is. Dit is die oeste van die Vader op die lande van Boas.
    - Boas is 'n tipe van Christus. Hy sê dat van die are uit die gerwe getrek moet word en dat dit daar moet lê sodat Rut dit kan optel.

In hierdie dae sien ons hordes mense wat uit die sistematiese kerke stroom. Ons sien mense stroom uit gebondenheid. Ons sien dat die Heilige Gees mense verwyder uit gebondenheid en mense word bevry soos nooit van te vore nie. Mense is nie meer tevrede met die tradisionele sisteme nie. Hulle begin nou om die ware Woord van God te soek en te verkondig.

-o0o-

- Dit is die Heilige Gees. Dit is die maaiers wat nou die are uittrek.
    - Ek en jy, as Bruid van Christus Jesus, het die ontsaglike verantwoordelikheid om daardie are op te tel en dit deel te maak van die huishouding van die Bruid.

## 5. Self-ondersoek

Kom mense, ondersoek julleself vandag.

Waar staan julle met die Here?

Waar staan julle met God?

Ons moet klaar kry met godsdiens. Ons moet klaar kry met kerk speel. Ons moet klaar kry daarmee om net agter alles aan te loop. Hierdie dagstukkies en koeverte wat sommige mense vir my op my selfoon stuur lees ek nie eers nie, want dit is vir my dadelik 'n maatstaf van waar 'n persoon in sy verhouding met die Here staan. Aan die ander kant sal 'n volgende persoon vir my 'n gedeelte stuur wat, wanneer ek dit gelees het, dit my op beur en ek die krag van die Here kan voel. Dit is dan asof die Here my versterk en my net eenvoudig op 'n plek plaas waar Hy my wil hê. Dit is voedsel uit die hemel. Dit is krag in die Woord van God.

Kom mense, kom ons begin om ons lewens reg te kry voor die Here. Word weer soos 'n kind. Begin doen wat die Here wil hê jy moet doen. Volg Sy voorbeeld. Die Meester het vir ons die voorbeeld kom stel. Kom ons volg daardie voorbeeld.

Mag die Here hierdie boodskap in jou hart seën en mag hierdie boodskap veel vrug in jou lewe dra. Mag hierdie boodskap, rondom die brooddraers, vermenigvuldig word.

Ons bid so vir brooddraers: "*Here, berei hulle voor sodat hulle ware getuienisse kan word vir dit wat U wil hê hulle moet wees, nie wat hulle wil hê, of sisteme of enigiets anders nie, maar dit wat U wil hê hulle moet wees. Dat hulle nie sal word soos die dissipels wie se harte verhard was en die dinge nie verstaan het nie, maar dat hulle soos seuntjies word, soos die kind wat die getuienis dra van die 2 vissies en van die broodjie*s".

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees van God vir die mense sê.

-o0o-

### Vermeerdering van Brode: Matt 14:13-21; Mark 6:32-44; Luk 9:10-17

### ➢ Bykomende Skrif verwysings vermeld in hierdie lesing

**Luk 12:42** En die Here antwoord: Wie is dan die getroue en verstandige bestuurder wat die heer oor sy diensvolk sal aanstel om hulle rantsoen op tyd te gee?
Luk 12:43 Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind

Joh 6:31; Eks 16:15 Manna in die woestyn

**Joh 6:31** Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet.
Joh 6:32 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.
Joh 6:33 Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.
Joh 6:34 Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.
Joh 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie

-o0o-

**Mat 16:6** Daarop sê Jesus vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.
Mat 16:7 En hulle het onder mekaar geredeneer en gesê: Dit is omdat ons geen brode saamgeneem het nie**.**

**Luk 22:31** En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.
Luk 22:32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

**Matt 25 - 5 Wyse** en 5 dwase maagde

**Eksodus 3 en 4** – Moses se ontmoeting met God.

**Luk 18:10** Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar.
Luk 18:11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.
Luk 18:12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.
Luk 18:13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!
Luk 18:14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.
2Tim 2:24 en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra

**Mar 10:13** En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf.
Mar 10:14 Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.
Mar 10:15 Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.
Mar 10:16 En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

**Luk 6:46** En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

**Rut 2:15** Toe sy weer opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: Sy mag ook tussen die gerwe optel, en julle mag haar nie beledig nie.
Rut 2:16 En julle moet ook so nou en dan vir haar uit die bondels uittrek en dit laat lê, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.
Rut 2:17 En sy het op die land opgetel tot die aand; en toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit omtrent 'n efa gars.

-o0o-